# Die taalwonderwerk

## Hemelvaart: Hoor en sien-getuies

## Koninkryksgroei oor taalgrense heen

## Is taalverskeidenheid ’n hindernis?




# Die Fontein

Mei 2026 05/26 GK Pretoria-Annlin Maandblad

Die Fontein
Maandblad

# HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN
MEI 2026

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

## Redaksioneel


01 Uit die redakteur se pen


## Geestelike groei


02 Woordoordenking: Wat die hart van vol is, loop die mond van oor

04 Koninkryksgroei oor taalgrense heen

06 Is taalverskeidenheid 'n hindernis?

07 Kerkstigting begin met 3 000 wat sê hulle glo

08 Die Here wys Lukas Tsotetsi aan

09 Hoor en sien-getuies

10 Gebedsversoeke


## Gemeentenuus


11 Laerskool boemelaarsaand / Kamp saam in geloof

12 Ons leer ken ...

13 Kerkfinansies


## Rubrieke


14 Kollig: Seniors

15 Diakonie: Dienswerk deur die diaken

16 Dit borrel in my!

17 Blokraai / Het jy geweet?

19 Ons deel met mekaar ...

20 Diere en voëls van die Bybel

21 Tienerfokus


## Kinderhoekie


22 Vervolgverhaal

23 Kleuterpret

24 Jongmensjolyt


## Advertensies


25 Snuffelfontein

26 Blokadvertensies


**Teks vir die maand:**

"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle moet my getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde."

Handelinge 1:8 (2020-vertaling)

## Uit die redakteur se pen

Het jy al na mense gesit en luister by 'n groot internasionale byeenkoms, kongres of op die lughawe? Duisende mense is op een plek vergader en praat in verskillende tale met mekaar om spesifieke boodskappe oor te dra. Dit is presies wat met Pinkster gebeur het.


In hierdie maand se uitgawe van die Fontein, fokus ons op hierdie wonderwerk – die feit dat so baie mense in verskillende tale die Blye Boodskap kon hoor met die eerste Pinkster en dat hierdie wonderwerk vandag voortgaan met die verkondiging van die Woord in meeste tale wat vandag gepraat word. In ons toerustingsartikels fokus ons spesifiek op die gebeure 50 dae na Paasfees. Dit was voorwaar 'n tydperk van hoogtepunte wat afgesluit is met 'n taalwonderwerk wat die begin van die kerk ingelei het – 3 000 mense wat dié dag teenwoordig was, het die boodskap in hul eie taal gehoor en tot geloof gekom. Ons kyk ook bietjie dieper na hoe God se boodskap vandag steeds oor die wêreld verkondig word sodat almal dit kan hoor en verstaan.

Die diakonie se werksaamhede en werksgroepe in ons gemeente is 'n uitvloeisel van hierdie opdrag van Jesus om sy liefde aan die wêreld te verkondig en uit te leef. In hierdie uitgawe kyk ons spesifiek na hoe ons seniors bedien word. Ons stel nuwe lidmate aan julle bekend en doen ook verslag oor die verskillende aktiwiteite wat binne ons gemeente en gemeenskap aangebied is.

Terwyl ons fokus op die wonderwerk van taal, wil ons tog weer 'n beroep op ons ouers doen om toe te sien dat die Fontein ook by al ons dooplidmate, van kleuter tot tiener, uitkom sodat hulle ook kan deel in die opbouing van onderlinge ondersteuning en geloof op 'n manier wat vir hulle sin maak.

Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien.
U is welkom om enige briewe, geloofservarings of ander nuus per e-pos in te stuur na **fontein@annlin.co.za.**

Lekker lees!
Magda



# Woordoordenking: Wat die hart van vol is, loop die mond van oor

Ds. Christie Roets

**"Die Here het hul harte vol gemaak sodat hulle monde ... [van die Evangelie] ... sal oorloop."**

**Handelinge 2 : 11**
**"...ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het."**

Baie Jode was in diaspora. Dit beteken hulle het in ander lande gaan woon en werk. Hulle was verspreid soos die Afrikaners vandag in vele ander lande bly. By die Pinksterfees, die oesfees, was daar Jode wat van heinde en verre bymekaar gekom het om God te kom dank vir die oeste. Die fees is 50 dae na Paasfees gevier. Ou bekende familie en vriende loop mekaar weer raak op die fees. Daar was ook mense uit ander volke wat die Joodse geloof aangeneem het, wie se moedertaal nie Hebreeus of Aramees was nie. Handelinge 2 noem ten minste 15 verskillende landstreke waarvandaan daar gelowiges gekom het.

Die Heilige Gees het met drie Goddelike tekens gekom. Hulle het 'n geweldige geluid uit die hemel gehoor soos 'n stormwind. Hulle het iets soos vuurtonge gesien wat op elkeen se kop gekom het, en die taalwonder het plaasgevind. Die woord **"uitstort"** beteken letterlik om jou hart tot oorlopens toe te vul met ware geloof, hoop, liefde, dankbaarheid en blydskap. Toe die Here God sy Heilige Gees uitstort in die gelowiges se harte, kon hulle in tale praat wat hulle nie vantevore aangeleer het nie. Dis so goed jy kan skielik Frans praat. Die rede waarom die Here hierdie wonderwerk laat gebeur het, was sodat die Evangelie verkondig kan word deur die gelowiges wat terug gaan na hul woonplekke in ander lande.

Die talewonder was deel van God se beplanning om mense toe te rus en uit te stuur as evangelie werkers. Die Evangelie, die Blye Boodskap van verlossing en redding tot die saligheid deur geloof in Jesus Christus, moes deur alle mense in die destyds bekende wêreld versprei word na **"elke nasie, stam, volk en taal".** (Openb. 14: 6).

Hulle moes van **"die groot dinge wat God gedoen het"** gaan getuig. Dit is die koms van Jesus die Messias, sy lyde en sterwe, sy opwekking uit die dood en sy Hemelvaart. Die Here het hul harte vol gemaak sodat hulle monde daarvan sal oorloop. Hulle kan getuig dat daar genade vir sondaars by God is, en dat die Heilige Gees uitgestort is om in die kinders van God se harte te woon. Dis so beskik dat ons ook die Evangelie in ons moedertaal kon hoor.

Mag die Heilige Gees ons almal se harte so vol maak in hierdie Pinkstertyd, dat ons elkeen sal getuig van die groot dade van God wat Hy in en deur Jesus Christus gedoen het, en ook in ons eie lewens gedoen het.



# Koninkryksgroei oor taalgrense heen

Lizanne en Johannes Aucamp

In baie dele van die wêreld is daar steeds mense wat nie die Bybel in hul eie moedertaal het nie. Sommige van hierdie tale het 'n beperkte woordeskat en is nie eens op skrif nie. Baie mense kan ook nie lees nie. Hulle kennis van die Bybel is dus afhanklik van wat ander vir hulle vertel of voorlees.

Tog sien ons hoe die evangelie nie deur taalgrense gekeer word nie. God se Woord vind altyd 'n weg na mense se harte.

Vir ongeveer drie maande elke jaar werk ons onder 'n spesifieke San groep in die Tsumkwe gebied in Namibië. Die doel is om oor 'n paar jaar die Bybel sistematies saam met hulle deur te werk. Vir nou, gee ons 'n oorsig van die Bybel. Die vorige twee jaar het ons deur die Ou Testament gewerk en die spore wat vooruit wys na Christus as Priester, Koning en Profeet, gevolg. Hierdie jaar fokus ons op die vervulling van die beloftes oor Jesus Christus soos in die Evangelies beskryf word.

**"Die ware taalwonderwerk lê in die werk van die Heilige Gees wat harte oopmaak."**

Ons metode is eenvoudig, maar pas goed by hul kultuur. In plaas van net een prent per verhaal, word eenvoudige sketse, simbole en tekeninge saam met vertellings en tolke gebruik om die Bybelgedeeltes stap vir stap aan te leer. Dan kry elke deelnemer geleentheid om, binne kleiner groepies, die verhaal self in hul moedertaal oor te vertel. Die prente help hulle om die Bybelse boodskap te onthou en met selfvertroue aan ander oor te dra.



# Koninkryksgroei oor taalgrense heen (vervolg)

Die deelnemers keer daarna terug na hul gemeenskappe en leer ander met die boekies vol prente wat hulle ontvang het. Intussen word die volgende groepe opgelei. Deur 'n rotasiestelsel kom elke groep uiteindelik drie keer vir toerusting om nog Bybelgedeeltes aan te leer.
Die entoesiasme is aansteeklik. Soms word die oorvertellings selfs tydens tee- en etenstye ingeoefen. Aan die einde van sessies word daar gesing en gedans wanneer mense die Bybelgedeeltes suksesvol met behulp van die prente kan oorvertel. Die boekies wat hulle huis toe neem, kom in 'n duidelik gebruikte toestand weer saam. 'n Stille bewys dat die Woord leef en werk.



Hierdie bediening herinner ons aan Romeine 10:17a:

**"Mense kan net glo as hulle die boodskap gehoor het ..."**

Wanneer mense die evangelie in hul eie taal hoor en verstaan, gebeur daar iets diep en blywend.

Die ware taalwonderwerk lê in die werk van die Heilige Gees wat harte oopmaak. Selfs wanneer mense mekaar net deur tolke verstaan, bly ons een in Christus.

God se koninkryk groei oor taalgrense heen. Aan God alleen kom al die eer toe.

# Is taalverskeidenheid ’n hindernis?

Johnny Beumer

Tien dae na Jesus se Hemelvaart het die Pinksterfees (Fees van die oes) aangebreek en mense het in Jerusalem saamgekom vir die fees. Ons lees in Handelinge 2 van die uitstorting van die Heilige Gees en dat elkeen die Woord in sy/haar eie taal gehoor het. Wat ’n wonder!

Wanneer ons die Woord van die Here met ander deel, laat dit ons onwillekeurig terugdink aan hoe die Here daardie hindernis van taal tydelik uit die weg geruim het sodat baie mense op daardie dag tot geloof gekom het. Ons het nie vandag dieselfde voordeel nie en om die Woord aan anderstaliges te bring kan wel ’n hindernis wees. Tog het die Here vir ons gawes en middele gegee om hierdie hindernis te oorkom.

Die volledige Bybel is reeds in **776** tale vertaal en die Nuwe Testament in bykans **1 800** tale. Ons gemeente beywer haarself ook om Bybels in verskillende tale te versprei sodat soveel as moontlik mense die Woord in sy/haar eie taal kan bestudeer.

Ons gemeente versprei tans Bybels in al elf ons amptelike landstale, Shona (Zimbabwe), Portugees, Lomwe en Makhuwa (lg. drie in Mosambiek). Bybels word by ons gemeente se tweedehandse verkopings en vanuit die kerkkantoor verkoop teen ’n nominale bedrag van **R20** per Bybel.



Tydens ons uitreike na Noord-oos Mosambiek is taal natuurlik wel ’n hindernis, maar hierdie hindernis word oorkom deur gebruik te maak van tolke. Soms moet twee tolke die spreker gelyktydig bedien. Die spreker bring dan die evangelie in Engels en die eerste tolk vertaal dit dan na Portugees en die tweede tolk na byvoorbeeld Lomwe.

In Mosambiek is daar nog talle mense wat ongeletterd is. Vir hulle word die Bybel in oudio-formaat afgelaai op ’n instrumentjie wat met sonkrag herlaai kan word. Dit is wel heelwat duurder as ’n Bybel in boekformaat, maar tog die moeite werd. Ongeveer twintig persone kan dan gelyk na die klankbybel luister.

Sover moontlik word boekies met die Heidelbergse Kategismus saam met die Bybels uitgedeel. Die Heidelbergse Kategismus kon egter nog nie in al die amptelike tale van Suid Afrika bekom word nie. Die Heidelbergse Kategismus is tans by die kerkkantoor beskikbaar in Afrikaans, Engels, Portugees, Sepedi, Sesotho, Tswana en Zulu. Die Heidelbergse Kategismus is ook in oudio-formaat beskikbaar in Engels en Lomwe en word saam met die Engelse en Lomwe-klankbybels op dieselfde instrumentjie gelaai.

So rus die Here ons toe om ook die Woord aan andertalige mense te bring.

# Kerkstigting begin met 3 000 wat sê hulle glo


Magda du Toit

Die kerk het 'n geskiedenis van meer as tweeduisend jaar.

Dit begin met 'n handjievol mense wat gereeld in 'n bo-vertrek vergader het, en word werklikheid toe sowat 120 van Jesus se volgelinge in verskillende tale begin praat het sodat 3 000 mense op een dag tot geloof gekom het nadat hulle die boodskap van verlossing in hul eie taal kon hoor. Die geskiedenis gaan vandag steeds voort terwyl miljoene mense God se Boodskap – die Blye Boodskap – in hul eie taal kan lees en hoor.

Hierdie tydslyn wys vir ons dat, hoewel mense 'n onlosmaaklike deel van die geskiedenis is, die ontstaan en groei van die kerk nie net mensewerk kon wees nie. Deur die eeue en millennia stuur God mense en rig hy gebeure sodat sy kerk oor die aarde kan versprei en groei.

**"Deur die werking van die Heilige Gees het die apostels, saam met hul volgelinge en leerlinge die boodskap oor landsgrense heen uitgedra"**



Ons lees in Handelinge 2:1 – 12:
Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. Onverwags het daar uit die hemel 'n geluid soos dié van 'n kragtige stormwind opgeklink, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Tonge, asof van vuur, het aan hulle verskyn, verdeel en op elkeen van hulle neergedaal. En almal is vervul met die Heilige Gees, en het in ander tale begin praat, soos die Gees aan hulle gegee het om hardop uit te spreek. Destyds het daar vroom Jode uit elke nasie onder die hemel in Jerusalem gewoon. Toe daardie geluid opklink, het die menigte saamgedrom, en was verward, omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word. Verstom en verbaas het hulle gevra: "Kyk, is almal wat daar praat, dan nie Galileërs nie? Hoe hoor elkeen van ons hulle dan praat in die taal waarmee ons grootgeword het? Ons – Parte en Meders en Elamiete, inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en streke van Libië in die omgewing van Sirene, en Romeine wat hier vertoef, Jode en proseliete, mense van Kreta en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God praat.


# Kerkstigting begin met 3 000 wat sê hulle glo (vervolg)

Dit het dalk klein begin, maar eksponensieel het die kerk gegroei. Ons lees in Handelinge 2:47 dat God elke dag nog verlostes by die gemeente gevoeg het.

**" ... geloof in God ... slegs gebeur deur die werking van die Gees en deur dit wat Paulus en Silas aan hulle vertel het."**

Deur die werking van die Heilige Gees het die apostels, saam met hul volgelinge en leerlinge die boodskap oor landsgrense heen uitgedra. Selfs die vervolging van die vroeë Christene het hierdie golf nie gestop nie. Trouens, dit het bygedra dat die boodskap nog verder uitgebrei en nog meer gemeentes gestig is.

Handelinge 2 vertel die verhaal van 'n almagtige God wat 'n verskeidenheid mense bymekaar gebring het om aan die vroeë kerk gestalte te gee. Niks kon hierdie groot dade wat God laat gebeur het, stuit nie.



Die werk het voortgegaan tot met die opstelling van die geloofsbelydenis van Nicéa in die jaar 325. Die ou kerkvaders het 'n magdom geskrifte die lig laat sien. Sommige daarvan is in die Bybel soos ons dit vandag ken opgeneem maar daar was nog talle ander ook. Die werk gaan vandag steeds voort met die vertaling en verspreiding van die Bybel, sending en evangelisasie oor wêreld, taal en kultuurgrense heen.

Ons lees in Handelinge 16:34 dat die tronkbewaarder en sy hele huishouding jubelend was omdat hulle tot geloof in God gekom het. Dit kon slegs gebeur deur die werking van die Gees en deur dit wat Paulus en Silas aan hulle vertel het.

Dit is ons plig om deur ons woorde en werke vandag nog die Blye boodskap uit te dra en toe te sien dat elkeen wat jubel omdat hy of sy tot geloof gekom het, ook die Bybel in sy of haar eie taal kan lees en hoor.



# Die Here wys Lukas Tsotetsi aan

Pieter Kurpershoek

Die inhoud van hierdie artikel is "uittreksel en verwerking van" breër beskrywing van die Here se werk in die jare 1965-1975 in die omgewing van Nqutu, in die noorde van KwaZulu-Natal)

Die sendeling stap terug na sy Nissan-bakkie en dink diep. Hy is nog net 'n paar jaar in Suid-Afrika. Hy sukkel nog om isiZulu aan te leer. Hy kry nog swaar om nie foute te maak wanneer hy met die isiZulu-mense gesels nie, mense wat vir hom vreemd is, so anders as hyself. En nou ... nou is sy tolk weg. Die man wat hom die afgelope paar jaar gehelp en beskerm het, is weg. Wat nou?

Op pad na sy bakkie stap hy verby 'n man wat in die sonnetjie sit, op 'n hopie klippe. Hy het al die man ontmoet, maar ken hom nie regtig nie. Die man se naam is **Lukas Tsotetsi.** Lukas ken ons uit die Bybel; Tsotetsi beteken: **hy wat nader bring.**

Die sendeling groet die man. Tsotetsi groet terug. Hulle gesels bietjie in die algemeen - soos dit op die sendingveld noodsaaklik is! As sendeling moet jy immers met mense kan kontak maak, 'n praatjiesmaker kan wees soos die mense van Paulus sê (Handelinge 17:18). Hulle gesels oor die weer, oor die vlak van die rivier (vir die Nqutu-bewoners van lewensbelang), oor hoe dit met Tsotetsi en met homself gaan, oor albei se gesinslewe.

Dan kom die verrassing. Tsotetsi vra uit sy eie vir die sendeling of hy nie probleme gaan kry nie. Die sendeling werklik is immers nog net 'n rukkie in Nqutu. Uit sy gebroke Zulu is dit ook duidelik dat 'n diep-wesentlike gesprek in Zulu nog ver bo die sendeling se vuurmaakplek is. Daarom sê Tsotetsi: **"Dominee, hier is nie baie mense wat drie tale kan praat nie. Maar jy benodig so iemand. Hy moet jou Afrikaans kan verstaan en in isiZulu of seSuthu vertaal."**

Die sendeling vra vir Tsotetsi hoe baie tale hy praat en hy antwoord **"Drie: Afrikaans, seSuthu en isiZulu. Ek is oorspronklik van die Vrystaat, waar baie blankes woon. Van moederskoot af het ek seSuthu as taal geleer. En isiZulu het ek hier in Nqutu opgetel."**

So sien die sendeling as 't ware hoe 'n vinger uit die hemel kom en Tsotetsi vir hom aanwys. Dis asof die HERE vir hom wil sê:

**Jy is nou op soek na iemand wat jou kan help! Wel, Ek gee hom vir jou.**


So het Tsotetsi begin om nader te kom, al nader en nader.

Hy het saamgegaan wanneer mense by hulle huise besoek is. Steeds het hy gehoor hoe die goeie nuus van Jesus vir hierdie mense vertel is. Meer as 800 keer per jaar het Tsotetsi na dieselfde gedeeltes uit die Bybel moes luister, maar so het hyself die Here Jesus leer ken. Ook het hy elke beskikbare oomblik gebruik om self Bybel te lees. Wanneer die sendeling hom by sy huisie gaan oplaai het, het hy op sy hopie klippe gesit met die Bybel oop in sy hand. So het hy daartoe gekom om self sy geloof te bely en deel van die klein gemeentetjie te word.

In alles het die Here gesorg dat daar nie net 'n Nederlandse sendeling in Nqutu was nie, maar ook 'n gelowige tolk wat later self evangelis geword het: Iemand wat die isiZulu geken het; iemand wat die sendeling kon help om Zulu vir die Zulu en Basuthu vir die Basuthu te word; iemand wat die vermoë gehad het om in alle denkbare situasies die regte Bybelgedeelte te vind en toe te pas; iemand wat die lig van die Evangelie vir baie mense in Nqutu laat skyn het en hulle help nader kom het na Jesus toe, tot by Hom!

# Hoor en sien-getuies

Attie Venter



**Lees: Johannes 20: 24-29**

Mens wil die indruk kry dat dit 'n skande is om te glo as jy eers gesien het. Om te sien bederf die misterie van geloof. Ware geloof is om te glo sonder om te sien. Maar dit is nie waar nie. Die apostels moes juis oog en oorgetuies wees van alles wat Jesus gedoen en gesê het. En wat Hy kom doen het, was nie dinge wat maklik was om te glo nie. Hy het Homself opgeoffer vir mense wat Hom haat, Hy het gesterf sonder om Homself te probeer loswikkel uit die aanklagte. Hy het opgestaan uit dood, Hy het opgevaar na die hemel. Dit was dinge wat nie sommer geglo sou word - sonder goeie getuies - nie. Daar moes "hoor en sien" getuies wees van Jesus en dit was die apostels - eerstens.

Maar tweedens is hulle ook getuies van mekaar – en veral onder die mense van hulle tyd. Daar waar hulle gaan preek het, gaan getuig het. Wanneer een van hulle dus 'n openbaring van Jesus misgeloop het, moes hulle glo wat die ander apostels aan hulle vertel het. Wat Jesus vir Tomas sê is dat hy nie die aansprake van die ander moet bevraagteken omdat hy nie self gesien het nie. Hy moet dit waarvan hulle getuig, glo. As hulle nie mekaar se getuienisse aanvaar nie, hoe gaan die verwarde mense, die verharde sondaars, hulle getuienisse glo.



Die apostels moes "sien" sodat ander kan sien ... hulle moes hoor sodat ander kan glo. Sodat mense wat nie self gesien het nie,  deur hulle oë kon sien. Hulle moes glo sodat hulle oortuigend kon getuig.

En dit bring ons by die derde groep getuies naamlik "ons". Diegene wat moet getuig oor die waarheid - van wat ander mense van lank gelede, gehoor en gesien het en vir ons opgeteken is. En ons glo hierdie getuienisse ten spyte van die "ongeloofwaardigheid" daarvan, want die Gees van God maak skynbaar "lewelose" woorde "lewende geloofwaardige" waarhede. Ons glo omdat die Heilige Gees – as die outeur van die Woord - saam met al die getuies stem.

Die laaste daad van Jesus waarvan die apostels ooggetuies "kon" wees, was Jesus se Hemelvaart. Hulle het nie gesien hoe sy Vader Hom verwelkom in die Hemele nie, hulle het Hom nie die troon sien bestyg nie, maar deur die Gees van God, wat Getuie is van al hierdie dinge, kan ons ons ons lewens volkome sonder vrees aan Hom oorgee.

# Gebedsversoeke

Marianne Janse van Rensburg



Woord van waarheid:

2 Korintiërs 5: 18

Dit was alles die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.

Romeine 10: 17

...dat die geloof uit die gehoor is, en die gehoor deur die Woord van God.

Spreek, Here, want u dienaar luister.

Here, hoekom hoor ek nie U stem nie? Dis donker hier rondom my. Nêrens skyn 'n lig in my pad nie: waar lê die stad op die berg? Is daar nêrens 'n hand wat my kan uitlei uit hierdie eindelose en dorre vallei nie?

My gedagtes hou nie op om in hulle eie kronkelpaaie te verdwaal nie.

Ek hoor 'n stem wat hard uitroep: Kom eet en drink, sonder geld, want jy sal nooit weer honger of dors word nie.

Kom hoor die boodskap van lewe en lig, van hoe jy gered is, hoe die Here deur sy liefde vir dié wat verlore was sy enigste Seun gestuur het sodat ons deur Hom die lewe kan hê.



Gebed

Genadige en alwyse God, dankie dat U ons ore oopmaak om die waarheid van die Evangelie te hoor, ons oë oopmaak om ons te verlustig in die Woord wat vlees geword het.

Dankie vir elkeen wat vanaf die vroegste tye U Woord opgeteken het as getuienis van God se wonderdade. Dankie vir toegewyde vertalers, geleerdes, drukkers en Bybelverspreiders wat die lig vir die wêreld bring in byna elke taal. Dankie, Heilige Gees, U wat alles aan ons deurgegee het en elke woord lewend hou in ons hart, verstand en gees.

Amen



## Laerskool boemelaarsaand

Op **24 April 2026** het die Laerskooljeug 'n aand propvol speletjies beleef. Die boemelaars kon skuilings bou, en daar was 'n speletjie na ieder se smaak en vaardigheid. Speletjies soos ballontreine, volleybal en "die vloer is lawa" het die kinders vir lank besig gehou.

Teen die tyd dat die worsbroodjies gereed was, was dit duidelik dat die kinders baie dankbaar was vir 'n ruskans. Hulle het hul ete in hul skuilings geniet. Ons sien uit na ons volgende byeenkoms!



## Kamp saam in geloof

Magda du Toit

**"Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee."**
**Numeri 6:24-26**

Die winter het vanjaar vroeër aan ons deure kom klop, maar koue nagte het nog nooit 'n kampliefhebber daarvan weerhou om die karavaan te haak en die kar se neus in die rigting van 'n kampplek te stuur nie.

Maar die afgelope naweek het nie net oor kampgenot gegaan nie. Benewens die geleentheid om in die natuur te ontspan, het die groep ook dié geleentheid benut om mekaar beter te leer ken en só die onderlinge geloofsgemeenskapsbande versterk.



## Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek



## Johan Nel

Teen die einde van die maand gaan – as die Here dit wil - Johan Nel met Dominique Grobler in die huwelik tree. Intussen het hy egter al by ons as geloofsgemeenskap begin inskakel. Daarom wil ons hom graag welkom heet en bietjie bekend stel.

Johan het in die Ermelo-omgewing opgegroei, en was spesifiek in sy hoërskooltyd in die koshuis op Ermelo. In hierdie tyd het die rugby-gogga hom behoorlik gebyt en het hy so as speler ontwikkel dat hy na skool Durban toe gegaan en deel van die Sharks Akademie geword het. Toe kom die COVID-tyd en - saam met beserings wat hy opgedoen het - het hy uit die rugby-omgewing weggetrek en hier in Pretoria by TUT plantkunde kom studeer.

Dis juis hier in Pretoria wat hy Dominique leer ken het. Dominique het hier in ons gemeente opgegroei en na skool haarself as onderwyseres bekwaam. Tans is Dominique vir ’n Graad R-klas by Laerskool Tuinrand verantwoordelik, terwyl Johan as verkoopsbestuurder by Agro-Serve werk. Saam is hulle kliphard besig om voor te berei vir die groot dag aan die einde van die maand, terwyl hulle ook hul twee honde-kinders geniet!

Johan, hartlik welkom in ons gemeente. Mag ons Here jou en Dominique met sy Gees saam lei en in jul lewe saam met mekaar vanuit Christus laat leef! Mag jul saam-wees in ons gemeente ook daartoe bydra dat julle ons help groei in ons lewe met ons Here Jesus!

# Kerkfinansies - April 2026

| | April 2026 | | Jaar tot datum | |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomstes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Lidmaatbydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Evangeliesasie-bydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Ander inkomste (huur/rente) | ** | ** | ** | ** |
| **Totale Inkomstes** | ** | ** | ** | ** |
| **Uitgawes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Ramings | ** | ** | ** | ** |
| Instandhouding: Woordbediening | ** | ** | ** | ** |
| Evangelisasie | ** | ** | ** | ** |
| Emeriti-versorging | ** | ** | ** | ** |
| Sustentasie Mmakau | ** | ** | ** | ** |
| Bate-instanthouding & verbeterings | ** | ** | ** | ** |
| Administratiewe uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| Sosiale bydraes | ** | ** | ** | ** |
| Jeug | ** | ** | ** | ** |
| Diensgroepe | ** | ** | ** | ** |
| Totale uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| **Netto tekort vir die maand** | ** | ** | ** | ** |

Vir April 2026, het die kerkkas 'n netto tekort van **** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van **. Die lidmatebydraes vir April 2026 was ** minder as die begrote bydraes. Die lidmatebydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote lidmatebydraes.

Ons is die Here dankbaar vir sy getroue voorsiening en ook vir die gemeentelede, vir hulle bydraes om die kerk en die begrotingsdoelwitte te ondersteun. Ons doen 'n beroep op die gemeentelede om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik verwysing: **Wyk, Naam, Van**

# Kollig op ons kommissies en diensgroepe

## Diakonie se diensgroepe: Seniors

In die reeks oor die diakonie se diensgroepe fokus ons hierdie maand op die senior lidmate van ons gemeente.

Ons senior lidmate is ’n kosbare deel van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin se gemeente en daarom  poog ons om die waarde van elke senior lidmaat te koester met liefde en warm ondersteuning.

Sosiale interaksie speel hier ’n kernrol. Die seniorbediening, as ondersteuningsgroep, streef daarna om na die wel en wee van ons seniors as deel van ons geloofsfamilie om te sien. Deur saam te kuier, te lag en heerlik te gesels probeer die diensgroep om op ’n geestelike en maatskaplike wyse hierdie groep mense te bedien.

**Sr. Ena Britz** is tans die koördineerder van hierdie diensgroep. Sy word deur ’n aantal susters in ons gemeente ondersteun, maar volgens haar sal addisionele hulp welkom wees.

Indien u van mening is dat u oor ’n spesifieke gawe beskik om hierdie diensgroep by te staan op enige wyse, kontak sr. Ena gerus.

In die volgende uitgawe sal ons die vervoerdiensgroep bespreek.



Die **doel** van die diensgroep is:
- Koördinering van behoeftes en besoeke.
- Skakeling met eksterne entiteite.
- Leiding gee en neem met betrekking tot hulpverlening.

Die diensgroep is **verantwoordelik** om:
- Seniors gereeld te besoek.
- Behoeftes te bepaal om hulp te kan verleen.
- Fisiese versorging te koördineer en hulp te verleen waar nodig.
- Vervoerreëlings (in samewerking met die vervoerdiensgroep).
- Inkopies (hulpverlening wanneer benodig).
- Doktersbesoeke (hulpverlening wanneer benodig).
- Opstel van ’n databasis vir kontaknommers van kinders/ naasbestaandes en/of familie.

# Diakonie

## Dienswerk deur die diaken - Deel 2 (diakonia)

Gerhard van Staden

('n Beknopte weergawe van 'n navorsingstuk deur wyle prof. Gert Breed)

In deel 1 van hierdie reeks het ons gekyk na die betekenis van die diakon-woordgroep.

Dit is belangrik om te onthou dat die diakon-woordgroep nie slegs die diens van die diaken beskryf nie, maar elke faset van die gemeentebediening. Lukas gebruik in Handelinge die diakon-woorde om die totale bediening wat hy beskryf, te omsluit.

Lukas gebruik ook hierdie woordgroep om die begin en einde van sy geskiedskrywing aan te dui. Aan die begin van Handelinge word die totale bediening van die apostels as diakonia aangedui (Hand. 1:16, 25). Wanneer die diakonia van die apostels vanweë die groeiende getalle onder druk kom, word die diakonia verdeel sodat die sewe daaraan deel kry (Hand. 6:1–7). Later word Paulus deur Christus tot hierdie diakonia geroep (Hand. 9:15) en saam met hom baie ander (Hand. 13:3; Kol. 4:17). Aan die einde van Handelinge word beskryf hoe Paulus oor sy diakonia onder die heidene terugrapporteer aan die gemeente wat hom gestuur het (Hand. 20:24; 21:19).

Diakonia is soos koinonia deel van die totale gemeentelewe. **Koinonia en diakonia is onskeibaar deel van die lewe van die liggaam van Christus**, die een skep die omgewing waarin die ander een verwesenlik kan word. Koinonia stel die gelowige tot diakonia in staat en diakonia verdiep en verinnig die koinonia.

In 1 Korintiërs 12 behandel Paulus die eenheid en die verskeidenheid wat daar in die liggaam van die Here bestaan. Nóg die eenheid nóg die verskeidenheid mag verwaarloos of ontken word. Hy pas die beginsel van eenheid en verskeidenheid toe op die bestaan en gebruik van die genade wat die Gees aan die gemeente skenk.

Alle bediening in die gemeente is diakonia. Daar is 'n ryke verskeidenheid bedieninge (diakonia) in die gemeente. Genadegawes word aan gelowiges gegee om 'n verskeidenheid dienswerk (diakonia) tot opbou van die liggaam te verrig. Daar is mense wat deur die gemeentes geroep is om as leiers op te tree om die diakonia van die gemeente vlot te laat verloop.

Dus omskryf die diakonia dienswerk aan mense en is dit dus 'n primêre diens in opdrag van God.

Bronnelys:
Breed, G., 2012, Nuut gedink oor die wese en inhoud van die dienswerk van die diaken, HTS Teologiese Studies/Theological Studies 68(1), Art. #1059, 8 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v68i1.1059

# Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydrae wat deur van ons lidmate ingedien is:


**Bediening in gevangenis lewer vrug**

As mens kyk na die aantal gevangenes wat deel word van die bybelstudiekursusse van **"Crossroads Prison Ministries"**, sien mens 'n sterk groeiende tendens. Dis wonderlik dat die Here hierdie bediening so gebruik om hoop te bring aan mense wat eintlik in "hopelose" omstandighede verkeer.

Benewens die toenemende getalle, is daar ook van vroeg verlede jaar uitgebrei na twee afdelings van die Johannesburg gevangenis. Daar het 'n totaal van 31 studente bygekom. Vanaf einde Februarie is daar ook begin met bediening in die Vroue gevangenis in Johannesburg. Die getalle daar het in die kort tydjie gegroei na 26.

Teen einde Maart was daar in totaal vir al die gevangenisse reeds 1330 studente. Die sterk groei in studentegetalle het nou 'n groot behoefte gebring aan nog mentors. Hulle taak is om die lesse na te sien volgens 'n duidelike memorandum en as mentor vir die studente op te tree. Die mentors ontvang die lesse en sien dit tuis na en bly anoniem.

Terugvoer van gevangenes oor wat die program vir hulle beteken is verblydend. 'n Mens kom tot die besef dat dit 'n geweldige positiewe impak op hulle lewens het. Aangeheg is twee briefies wat gestuur is. Ek heg beide die oorspronklike en 'n getikte, effens geredigeerde weergawe van die eerste briefie aan.


Think you for writing m... and helping me with these bible courses, You help me spiritually and Mentally. For that i cant think you enough. Sometimes it can be very discouragin in a place such as prison. Theres so much sin around. Its hard to stay Focuse. with prayer and spiritual guidence im able to stay focused. Thank You For your tim... i pray god blesses you and your Family. god ...
Sincerley, [signature]

*Thank you for writing me and helping me with these bible courses. You help me spiritually and mentally. For that I can't thank you enough. Sometimes it can be very discouraging in a place such as prison.*

*There is so much sin overall. It's hard to stay focused. With prayer and spiritual guidance, I'm able to stay focussed. Thank you for your time. I pray God blesses you and your family. God bless,*
*Sincerely, (Getekende naam is onleesbaar.)*

Gevangene Thelma sê:

When holidays are hard and the days feel heavy, the lessons arrive. The letters come. And hope shows up.

As u wil deel word van die mentorspan en 'n verskil wil maak in gevangenes se lewens, kom praat met een van die persone in ons gemeente wat reeds deel is van die span of met ds. Pieter wat julle verdere inligting sal gee oor hoe om betrokke te raak.


Andrie Beumer

# Blokraai
# Mei 2026

- Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan **fontein@annlin.co.za** of plaas die papier-weergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

**Vorige korrekte blokkiesraaisels:**
**Rita Kruger**
**Blignaut Viljoen**

**Naam en van:**____________________



# Blokraai (vervolg)


**Leidrade - Af:**

1. Hy wat nader bring (Uit: Die Here wys Lukas Tsotetsi aan)
2. Seekoeie het in hierdie rivier in Sirië voorgekom (Uit: Diere en voëls van die Bybel)
3. Waar daar donkerte en ____________ is. (Uit: Jesus stuur ons die wêreld in)
4. Ons taak is om hoop, __________ en troos te bring (Uit: Jesus stuur ons die wêreld in)
5. Die Blye Boodskap kon vir die eerste keer op hierdie dag gehoor word. (Uit: Uit die redakteur se pen)
6. Lukas Tsotetsi was in hierdie omgewing bedrywig (Uit: Die Here wys Lukas Tsotetsi aan)
7. Jy is of 'n __________ ... of nog 'n sendingveld (Uit: Jesus stuur ons die wêreld in)
10. Ons seniorlidmate is deel van ons geloofs__________ (Uit: Diakonie se seniorbediening)
11. Alle bediening in die gemeente is __________ (Uit: Dienswerk deur die diaken)
12. Wat stel die gelowige tot diakonia in staat? (Uit: Dienswerk deur die diaken)
14. Die opstelling van die geloofsbelydenis van __________ in die jaar 325 (Uit: Kerkstigting begin met 3 000)

**Leidrade - Dwars:**

5. __________ was ware tale. Dit was nie brabbeltaal of geesdriftige gebede nie. (Uit: Het jy geweet?
8. Ons taak is om hoop, genesing en __________ te bring (Uit: Jesus stuur ons die wêreld in)
9. Die Romeine het seekoeie se getalle drasties in hierdie rivier verminder (Uit: Diere en voëls van die Bybel)
13. Olifante is vir hulle __________ uitgewis (Uit: Diere en voëls van die Bybel)
15. Gedagtes hou nie op om hier te verdwaal nie (Uit: Gebedsversoeke)
16. Jy is of 'n sendeling ... of nog 'n __________ (Uit: Jesus stuur ons die wêreld in)
17. Titel van sr. Marianne se skryfstuk: Die roosvinger-__________ (Uit: Ons deel met mekaar)

# Het jy geweet?



Statistiek:

Die Bybel is oor 'n tydperk van ongeveer 1 500 jaar geskryf, vanaf ongeveer 1450 v.C. (die tyd van Moses) tot ongeveer 100 n.C. (na die dood en opstanding van Jesus Christus).

Bron: Het jy geweet? Fassinerende feite uit die Bybel. JUIG! tydskrif



Taalwonderwerk:

Pinkstertale was ware tale. Dit was nie brabbeltaal of geesdriftige gebede nie. Met Pinkster het die dissipels in bekende tale gespreek. Mense uit baie lande het die Evangelie in hul eie taal gehoor. (Hand. 2: 6 - 11)

Bron: Juig! April 2026



# Ons deel met mekaar ...

Hierdie afdeling in ons maandblad is geskep sodat broers en susters in die geloof persoonlike ervarings wat 'n indruk op hulle gemaak het, gedigte wat hulself geskryf het, of selfs resepte met mekaar kan deel. Die inhoud verteenwoordig nie noodwendig die siening van die redaksie nie, maar die idee is tog dat dit wat hier met mekaar gedeel word, mekaar tot verryking kan dien. Hierdie maand deel ons graag hierdie persoonlike stuk prosa wat Marianne geskryf het, ryk gekleur met metafore. (Red.)

Die roosvinger-daeraad

Marianne Janse van Rensburg

Net voor die dag breek, staan die Maker en kyk na die breë stroke wat sy vingers deur die wolke getrek het in hierdie roosvinger-daeraad.
Die skoonheid loop van horison na horison, oneindige glorie vul die uitspansel met sy teenwoordigheid. In die varsheid van die nuwe oggend maak die skepping vol verwagting oop soos selofaan rondom 'n bos snyrose.
Vlekkeloos in volmaaktheid lê die dag onaangeraak voor sy treë, sag en welig demp dit sy gang.
Geen stem vertel 'n storie nie, net die geluid van die natuur verklap die rykdom rondom.
Die Maker strek sy arms na weerskante uit en geure styg oorweldigend vanuit sy aanraking soos wanneer 'n geurige malvablaar tussen vingers gevryf word. Die lug dra die geur van sy aanraking. Alles wat Hy sien, is goed.
Sy voetval maak die eerste paadjie deur die kronkels van sy gang. Alwetend sien Hy die gevaar.
In die middel van die tuin dwaal sy deur die boorde. Bloeisels hang soos wolkies aan takke terwyl ontelbare dragte vrugte liggies op die wind wieg. 'n Bloeiselkrans versier haar kroon en fyn polse; sy dra die geur van volmaakte oorvloed om haar.
Oorweldig soos een wat nie 'n keuse kan maak nie, stap sy aan op sagte voetsole, haar gedagtes dryf haar na die ontoelaatbare plek waar sy nie durf eet nie.
Versigtig beweeg die vyand, en listig volg hy in die spore van die vrou.
Sy lig die vrug na gulsige lippe. Die man eet ook.
Hulle hoor sy roep as die Here God nader aan hulle beweeg.
Bang skuil hulle van Hom. Haastig-gemaakte, growwe bedekkings van vyeblare vervang hulle vreugdekranse; hulle word geskend en in ewige onreinheid en vyandskap gedompel.
Aan die kruishout hang die vlekkelose Seun van God, die Seun van die mens, naak gelaat deur my sonde.
Die laaste bloedoffer klee my in sy geregtigheid. Vlekkeloos in fyn wit linne staan ek met die skares van getuies.
Die basuin vul die atmosfeer. Op die witgeklede dye van Christus staan geskryf: die Koning van die konings en die HERE van die here.
Met die soom van sy mantel gedoop in sy bloed daal die Ruiter op die wit perd neer vanuit die hemel; vir ewig sal Hy heers, vir ewig is ons vry.

# Diere en voëls van die Bybel

## Seekoeie en olifante (Deel 4)


Gerhard van Staden

In die vierde aflewering oor soogdiere kyk ons na twee van die grootste soogdiere wat op land gevind word . In die vroeë vertalings van die Engelse Bybels is hierdie spesies as behemoth (kolos) vertaal. Later sou behemoth vertaal word na beasts (dierasies).

**Seekoeie:**
Seekoeie het volgens betroubare bronne reeds 1 500 v.C. in die Orontesrivier in Sirië en tot die 12de eeu n.C. in die laer Nylrivier voorgekom. Daar is genoegsame bewyse dat seekoeie in Egipte voorgekom het. Die Romeine het egter die seekoeie se getalle drasties verminder omdat erge skade aan die landerye aangerig was.

Gedurende die steentydperk was seekoeie volop in die Oos-Meditereense streek, maar het verdwyn tydens die daaropvolgende droeër en koeler periodes. Sedert seekoeie in hierdie gebied uitgesterf het, kom dit nou slegs in Afrika (hoofsaaklik in nasionale parke) voor.

In die Bybel lees ons in Job 40:10 – 28 waar die Here sy groter doel en plan aan Job openbaar en van die seekoei praat).



**Olifante:**
Die naaste olifante aan die Beloofde Land in die Ou Testamentiese tydperk het in die noordelike Mesopotamië gebied by Eufraatrivier voorgekom. Hierdie spesie was die Siriese olifant (uitgesterf) en later die westelike Asiatiese of Indiese olifant (wat ingevoer was). Hulle was in die eerste millenium v.C. vir hulle ivoor deur jagters uitgewis. Hierdie olifante was ook heelwat kleiner as die Afrika olifant.



Ivoor was 'n uiters gesogte item van daardie tyd en word 13 keer in die Bybel genoem, maar nooit die woord "olifant" as losstaande woord nie. (Vgl. 1 Kon. 10:22 en 2 Kron. 9: 21). Dit was beskou as die perfekte materiaal vir verskeie gebruiksartikels en ornamente en is sedert die derde millenium v.C. aangewend. Dit word vir die eerste keer in die tyd van Dawid genoem. In Esegiël 27:6 lees ons dat skepe ook ingelê is met ivoor en in vers 15 dat "olifantstande" gebruik is vir betaling. Ivoor word ook figuurlik gesproke in die Bybel gebruik. (Vgl. 2 Kron. 9:17, Amos 3:15 & 6:4).

In ons volgende artikel (Jun 2026) kyk ons na varke.

Bronnelys:
Candsale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

# Tienerfokus

Henriëtte Mulder

## Taal verskil, maar die boodskap is dieselfde

Taal het van die vroegste tye af 'n belangrike rol in die mens se lewe gespeel. Met bou van die toring van Babel het God mense in verskillende tale laat praat sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie. Dit het verwarring veroorsaak. Tog, baie jare later, het God met die uitstorting van die Heilige Gees, weer taal gebruik om Sy Woord aan verskillende mense te verkondig.

Die gebruik van taal het nie net daar gestop nie. Die Bybel word nog steeds in verskillende tale vertaal. Party tale het ook meer as een weergawe.
Kom ons kyk na drie vertalings van **Psalm 23:1-3** in Afrikaans.

Die Here is my herder. (1953)

1 'n PSALM van Dawid.
Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.
2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.

Die Here is my herder (1983)

1 'n Psalm van Dawid.
Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.
2 Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters waar daar vrede is.
3 Hy gee my nuwe krag.
Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.

Die Here sorg vir my (Bybel vir Almal)

1 'n Psalm van Dawid.
Die Here is my Herder, Hy sorg vir my,
ek het genoeg van alles.
2 'n Herder bring sy skape na goeie weiveld,
hulle eet genoeg en hulle gaan lê.
Hy bring hulle na die water,
en daar gaan hulle lê en rus.
3 So gee die Here ook vir my nuwe krag,
Hy leer vir my om reg te lewe,
want ek behoort aan Hom.

Daar is 'n paar dinge wat vinnig raakgesien word wat **ooreenstemmend** is.
1. God word as 'n Herder gesien. Dink na oor wat dit beteken dat God ons Herder is.
2. As Hy ons Herder is, is dit Hy of ons wat nader beweeg? Wie is die een wat inisiatief neem?
3. Soek nog 'n ooreenkoms in die vers 3. Hoekom doen die Herder wat Hy doen?

Tog is daar ook **verskille** binne in die taal.
1. Soek drie verskille in woordgebruik.
2. Watter vertaling is die maklikste vir jou om te verstaan, sonder dat jy iets misverstaan?

Al gebruik die verskillende vertalings verskillende woorde, **bly die boodskap dieselfde.** So kan ons dan sien dat God vandag nog taal op verskeie maniere gebruik sodat ons Hom kan leer ken, dien en eer.

# Die tuimelende toring van Parys – Deel 2

Nicola du Plessis

Ek kyk op en sien wat die probleem is. Waar daar 'n rokie trek brand daar 'n vuur. En dis presies wat nou op ons eetkamertafel gebeur. . .

Met 'n effense gil gooi Lara haar glas water oor die vlammetjies en spring op. "Wat op aarde?!" Klara is bleek geskrik. Lara kyk om haar rond. Haar oë rus op die geskroeide papier waarvan die hoek weggebrand het. "Dis heel waarskynlik die son wat op die papier geskyn het deur die glas van die voordeur."

Ek frons. Hier gaan ons weer. Een van Lara se berugte feit of flater episodes. As sy die geleentheid kry om 'n feit te deel, laat sy dit nie by haar verby gaan nie. Ek en Klara kyk vir mekaar. 'n Glimlag speel om haar mondhoeke. Sy weet net so goed soos ek wat nou kom.

Soos ons verwag het stel Lara ons nie teleur nie.

"Het julle geweet dat as die hitte en hoeveelheid suurstof konstant bly, kan die grootte van 'n elke minuut huisbrand verdubbel voordat dit geblus word? En het julle geweet dat die kleur van 'n vlam verander volgens die hoeveelheid suurstof wat beskikbaar is? 'n Blou vlam het meer suurstof beskikbaar as 'n oranje vlam."

"Ek dink ons moet eerder op die huidige kalf in die put fokus." Klara beduie na die hoop karton wat binne die volgende uur in 'n wêreldbekende struktuur moet verander.

Ek kyk na my vriendinne terwyl ek die verf met 'n stuk koerant droog waai. Waar op aarde het ek hulle gekry? Kort voor lank is die karton gesny en ons begin (weer) die toring aan mekaar sit. 'n Halfuur later staan ek weer na die projek en kyk. My hande vol gom, besig om hom staande te hou.

"Wat nou?' verbreek Klara die stilte. "Nou wag ons."

Lara sug. "Toe ek gister my leerwerk vir môre se toets uitgestel het, het ek sowaar gedink ons gaan teen nou klaar wees."

"Ek het jou gesê..."

Hier kom 'n ding. Die perfeksionis het nog nie geleer nie. Ek sal iets hieraan moet doen, voor ons môre oggend met 'n probleem sit.

"Dis nie so erg nie. As ons nou begin kan jy teen die tyd dat die gom uiteindelik heeltemal droog is, volleerd wees." "Nou goed. Begin praat."

"Die kookpunt van 'n stof is die temperatuur van 'n vloeistof waar die dampdruk van die stof gelyk is aan die omringende atmosferiese druk..."


"Ek dink ons kan nou maar die ding los. As sy gom nou nog nie droog is nie, dan weet ek nie so lekker nie."

Ek hou my asem op terwyl ons ons hande versigtig van die toring afhaal. . .

## KLEUTERPRET

### INKLEURPRENT

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!




HANDELINGE 1:8 (2020-VERTALING)

"MAAR JULLE SAL KRAG ONTVANG WANNEER DIE HEILIGE GEES OOR JULLE KOM, EN JULLE MOET MY GETUIES WEES IN JERUSALEM, IN DIE HELE JUDEA EN SAMARIA, EN TOT AAN DIE EINDE VAN DIE AARDE."

# Jongmensjolyt

## Het jy geweet?



Pinkster is 'n Joodse fees wat die begin van die oestyd vier.

Die woord "Pinkster" is uit die Griekse woord wat "tel 50" beteken oorgeneem.

Getalle of syfers speel 'n belangrike rol in die Bybel. So is dit ook met die tyd na Jesus se kruisiging en opstanding.

40+10 = 50



Jesus se opstanding + 40 dae = Jesus se Hemelvaart + 10 dae = die koms of uitstorting van die Heilige Gees.

**Dus: 50 dae na Paasfees is Pinksterfees!**



Gaan lees Handelinge 2 vir meer oor die uitstorting van die Heilige Gees!

# Advertensies

## Snuffelfontein



Heerlike ingelegde slaaie beskikbaar!
-Kerriebone: R90
-Koperpennie, uie en spaghetti: R80
-Beetslaai (groot): R70; (klein): R40
Kontak vir Lorain Deysel by
084 503 3369.

## Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angsversteuring of verslawing?
Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.



Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za

## Blokadvertensies















# Advertensies

**Sorg met Eer 2026 - Kry ons oor die bult!**

Ons doen met vrymoedigheid 'n beroep op u met die oog op 'n dringende saak in die versorging van ons emerituspredikante en -weduwees. Die Emeritaats-Versorgings Kombinasie is in 1994 deur al die kerke in die Nasionale Sinode gestig om in kombinasie hande te vat en mekaar te help om ons emeriti en hul afhanklikes en weduwees eervol te versorg.

SORG MET EER

Die posisie vir die 2025/26 jaar is sodanig dat ons nog nie die eerste miljoen van die benodigde R3m ingekry het nie. Aangesien Sorg Met eer 'n vrywillige projek na vermoë is, doen ons hiermee 'n dringende beroep op ons kerke en individuele lidmate om nog voor einde Junie 'n spesiale bydrae tot Sorg Met Eer te maak. U kan u vrywillige bydraes oorbetaal in: **Geref. Emeritaatsorg, ABSA rek. 670288412.** Verwysing **SME** en u naam en stuur die bewys aan **wymiedup@gksa.co.za**.

Help ons in die twee maande wat oor is om die Sorg Met Eer projek, soos in die verlede, ook oor 2025/26 se styl bult te kry. Dit is ons eer!
















Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: